

*Ondeurkneet  
Nie goed begrepe  
geforceerd.*

### Antieke sensuur

Die blanke beskawing in die Republiek van Suid-Afrika - en hiermee word nie te kenne gegee dat daar nie ook ander beskawings in Suidelike Afrika ontstaan het en bestaan nie - berus histories op drie pylers: die Hebreeus/Christelike religie, die demokratiese staatsinrigting wat in oervorm aan die ou Griekse demokrasie ontleen is, en die Republikeinse regsorde, wat via die Romeins-Hollandse Reg tot aansienlike hoogte aan die Romeinse Reg ontleen is, 'n regstelsel wat in die twee, drie eeue voor die geboorte van Christus in die antieke Rome sy beslag gekry het. Kortom, die Republiek van Suid-Afrika is religieus, staatkundig en juridies gefundeer in religieuse, staatkundige en juridiese beginsels wat die toets van 25 tot 30 eeue deurstaan het.

In hierdie hoofstuk sal aangetoon word dat in die religieuse, staatkundige en juridiese erfenis van die Republiek twee onmiskenbare werklikhede vervleg is, nl. vryheid aan die een kant en verantwoordelikheid aan die ander kant, vryheid wat deur God, kerk en staat verleen is en steeds erken word, en verantwoordelikheid wat in die eerste instansie deur God en die kerk vereis en in die laaste instansie deur die staat afgedwing word.

### I. DIE OU-TESTAMENTIESE BEDELING

In die Ou-Testamentiese bedeling was daar van menslik geformuleerde en afgedwonge sensuur sowat geen sprake nie, wel van volledig gekodifiseerde reg, 'n kodifikasie wat onder die regstreekse leiding van God en deur van God geroepenes verrig is. Met hierdie regscode maak ons - ná 'n tydperk van persoonlike regering deur God self - in die Twee Tafels<sup>(1)</sup> kennis<sup>(2)</sup>.

Terwyl in die Tien Geboois slegs die verhouding van die mens tot God en sy naaste bepaal word, volg vir Israel al dadelik verdere gekodifiseerde reg. In Exodus 21<sup>(3)</sup> word bv. die slawerny juridies gereël en in Exodus 22<sup>(4)</sup> volg die wetgewing oor die eiendom van die naaste, selfs oor die verleiding van 'n onverloofde meisie; word die doodstraf vir hekse verorden asook vir mense wat met diere geslagtelike omgang het<sup>(5)</sup>. Die Bybelboek Levitikus is nie slegs 'n

(1) Exodus 20.

(2) Vergelyk Die Bybel met Verklarende Aantekeninge, Band 1, p.163.

(3) Ibid, p.165.

(4) Ibid, p.168.

(5) Ibid, p.169.

handboek vir die priesters by die erediens nie, maar dit bevat uitvoerige wetgewing wat die hele volk raak<sup>(6)</sup>. Rut word bv. volgens die lossingsreg vrou van Boas<sup>(7)</sup>.

Slegs enkele verdere voorbeelde is nodig om aan te stip dat <sup>deur</sup>in 'n volledige teokrasie (eintlik geen sprake kan wees van die hedendaagse sensuurbegrip) nie. Gen. 12: 1,2 en 3 lui<sup>(8)</sup>: „En die Here het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal diegene seën wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.”

Hierdie aanhaling laat geen ruimte vir twyfel of onsekerheid nie. Dit is regstreekse bevel, gepaard met ondubbelsinnige belofte (vryheid) as teenhanger. Op dieselfde vlak staan die roeping van Moses<sup>(9)</sup>: „Gaan dan nou heen, dat Ek jou na Faraó kan stuur; en lei my volk, die kinders van Israel uit Egipte uit.” Ewe finaal is die Goddelike afstanddoening van die koningskap, die regstreekse regeeramp, oor die uitverkore volk Israel: „Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie....Luister na hulle en stel 'n koning oor hulle aan.”<sup>(10)</sup>

Kort gestel: die teokratiese absolutisme waaronder Israel voor die geboorte van Christus geleef het, het slegs 'n keuse (menslik gesproke) tussen twee uiterstes gelaat: aanvaarding of verwerping van die Godswet, hoewel die verwerping nooit finaal hoef te gewees het nie: daar was altyd die ope weg van terugkeer ná berou<sup>(11)</sup>. Die taal van die Ou-Testamentiese Bedeling is onmiskenbaar: so spreek die Here; so lui die wet.

Dit sou nogtans ongeregverdig wees om van die algehele afwesigheid van demokratiese instellings in die Ou-Testamentiese bedeling af te lei dat die Jode glad geen spraakvryheid gehad het nie. Die Joodse volk het wel oor 'n middel beskik om sy wense en misnoeë aan die owerheid bekend te maak: deur

(6) Ibid, p.209.

(7) Ibid, p.543.

(8) Ibid, p.27.

(9) Ibid, p.124.

(10) Ibid, p.572, 573.

(11) Vergelyk die verhaal van David en Batseba, Bybel met Verklarende Aantekeninge, Band 1, p.650, 651.

murmuring. Hierdie vorm van protes het klaarblyklik dikwels voorgekom. Exodus 16:2 lui: „En die hele vergadering van die kinders van Israel het teen Moses en teen Aäron in die woestyn gemurmureer.” In vers 8 van dieselfde hoofstuk lui dit: „Daarop sê Moses: Dít sal gebeur as die Here julle in die aand vleis gee om te eet en in die môre volop brood, omdat die Here julle murmureringe hoor wat julle teen Hom murmureer. Want wat is ons? Julle murmureringe is nie teen ons nie, maar teen die Here.” In Numeri 11:10 word trouens ’n aanduiding gegee dat murmurering volgens ’n bepaalde en beplande tegniek kon plaasgevind het. Dit lui: „Toe het Moses die volk, volgens hulle geslagte, elkeen by die deur van sy tent hoor ween; en die toorn van die Here het grootliks ontvlam; ook was dit verkeerd in die oë van Moses.”

## II. Die Nieu-Testamentiese Bedeling

Die koms van Christus het in Israel (en die kerk van die Here) die Tien Gebooie hul juridiese (en religieuse) gewig nie laat verloor nie. In Lukas 18:20 spreek Christus soos volg<sup>(12)</sup>: „Jy ken die Gebooie: jy mag nie egbreek nie; jy mag nie doodslaan nie; jy mag nie steel nie; jy mag geen valse getuie- nis gee nie; eer jou vader en jou moeder.” Maar met sy sterwe het Christus aan die eise van die Wet voldoen. Vergelyk in hierdie verband die uitspraak van Paulus in Rom. 3:21 e.v.: „Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar son- der die wet, terwyl die wet en profete daarvan getuig.....”<sup>(13)</sup>

Daar kan nogtans geen twyfel bestaan dat die koms van Christus die star- heid van die Joodse wet getemper het nie. Vergelyk in hierdie verband die uit- spraak van Jesus in Mat. 12 oor die toepassing van die Sabbatswet: „want die Seun van die Mens is Here óók van die Sabbat.”

Van nog groter betekenis in hierdie verband is Christus se beklemtoning van die liefdesgebod in Mat. 22:49<sup>(14)</sup> en Mark. 12:31<sup>(15)</sup>: „Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” beklemtoon die subjektiewe oordeel van die mens, in die eerste plaas ten opsigte van die mate van liefde waarmee hy homself mag bejeen en in die tweede plaas daardie mate van liefde wat hy jeens sy naaste moet be- toon. Ongeag moontlike religieuse betekeniswysiginge wat die woorde van Chris- tus inhou, kan die juridiese implikasies nie ontken word nie: hier is geen starre voorskrif: jy moet so of so liefhê nie, maar jou naasteliefde mag net nie geringer of groter as jou eieliefde wees nie. In juridiese sin bevat hier-

(12) Bybel met verklarende aantekeninge, Band 3, p. 223.

(13) Ibid, p. 410.

(14) Ibid, p. 61.

(15) Ibid, p. 125, 126.

murmuring. Hierdie vorm van protes het klaarblyklik dikwels voorgekom. Exodus 16:2 lui: „En die hele vergadering van die kinders van Israel het teen Moses en teen Aäron in die woestyn gemurmureer.” In vers 8 van dieselfde hoofstuk lui dit: „Daarop sê Moses: Dit sal gebeur as die Here julle in die aand vleis gee om te eet en in die môre volop brood, omdat die Here julle murmureringe hoor wat julle teen Hom murmureer. Want wat is ons? Julle murmureringe is nie teen ons nie, maar teen die Here.” In Numeri 11:10 word trouens ’n aanduiding gegee dat murmurering volgens ’n bepaalde en beplande tegniek kon plaasgevind het. Dit lui: „Toe het Moses die volk, volgens hulle geslagte, elkeen by die deur van sy tent hoor ween; en die toorn van die Here het grootliks ontvlam; ook was dit verkeerd in die oë van Moses.”

## II. Die Nieu-Testamentiese Bedeling

Die koms van Christus het in Israel (en die kerk van die Here) die Tien Gebooe hul juridiese (en religieuse) gewig nie laat verloor nie. In Lukas 18:20 spreek Christus soos volg<sup>(12)</sup>: „Jy ken die Gebooe: jy mag nie egbreek nie; jy mag nie doodslaan nie; jy mag nie steel nie; jy mag geen valse getuie-nis gee nie; eer jou vader en jou moeder.” Maar met sy sterwe het Christus aan die eise van die Wet voldoen. Vergelyk in hierdie verband die uitspraak van Paulus in Rom. 3:21 e.v.: „Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en profete daarvan getuig.....”<sup>(13)</sup>

Daar kan nogtans geen twyfel bestaan dat die koms van Christus die starheid van die Joodse wet getemper het nie. Vergelyk in hierdie verband die uitspraak van Jesus in Mat. 12 oor die toepassing van die Sabbatswet: „want die Seun van die Mens is Here óók van die Sabbat.”

Van nog groter betekenis in hierdie verband is Christus se beklemtoning van die liefdesgebed in Mat. 22:49<sup>(14)</sup> en Mark. 12:31<sup>(15)</sup>: „Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” beklemtoon die subjektiewe oordeel van die mens, in die eerste plaas ten opsigte van die mate van liefde waarmee hy homself mag bejeen en in die tweede plaas daardie mate van liefde wat hy jeens sy naaste moet betoon. Ongeag moontlike religieuse betekeniswysiginge wat die woorde van Christus inhou, kan die juridiese implikasies nie ontken word nie: hier is geen starre voorskrif: jy moet so of so liefhê nie, maar jou naasteliefde mag net nie geringer of groter as jou eieliefde wees nie. In juridiese sin bevat hier-

(12) Bybel met verklarende aantekeninge, Band 3, p. 223.

(13) Ibid, p. 410.

(14) Ibid, p. 61.

(15) Ibid, p. 125, 126.

die woorde van Christus dus 'n element van bevryding, nie van absolute binding nie. Die subjektiewe word daardeur op die voorgrond gestel, die reg tot die uitoefening van 'n eie oordeel. Daaruit spruit uiteraard die reg tot meningsverskil, tot eie vertolking.

En op die duur het hierdie „nuwe" element tot groot kerktwis en -stryd gelei, soos later aangetoon sal word.

As daar van 'n tendens in die antieke Joodse wêreld sprake is, dan sou dit opgesom kan word as 'n geleidelike verlening van groter vryheid, ook spraakvryheid, in elk geval binne die Joodse gemeenskap.

Hierdie vryhede was nogtans nie omvangryk nie, want staatkundig het Athene en Rome agtereenvolgens die septer geswaai, terwyl die priesterdom ongraag van sy magte afstand gedoen het, soos o.m. blyk uit die hele geskiedenis rondom die kruisiging van Christus.

### III. Spraakvryheid en Sensuur in Athene

Omdat die Griekeland van die antieke tye veel eerder 'n geografiese as staatkundige begrip was - dit het bestaan uit 'n aantal outonome stadstate - word die vraagstuk van spraakvryheid en sensuur in hierdie studie beperk tot die stad Athene, veral ook omdat die demokratiese instellinge van die ou tyd hier die verste en volledigste ontwikkel het.

Uit die staanspoor moet beklemtoon word dat die Griekse demokrasie nie van die een-man-een-stem-tipe was nie. Die demokrasie van Athene was tegelykertyd "the narrowest and fullest in history, narrowest in the number of those who share its privileges, fullest in the directness and equality with which all the citizens control legislation and administer public affairs."<sup>(16)</sup>

Die Atheense burgerskap wat die Athener se demokratiese voorregte ten grondslag gelê het, was streng beperk. "Citizens included only the children of two free-born parents. Thus the foreigners (metics) resident in Athens, numbering more than twenty-five thousand, and the one hundred and fifteen thousand slaves of Attica, not to mention most workingmen, were denied the privileges of citizenship. And no women enjoyed the franchise."<sup>(17)</sup>

Die mate waarin die vrye Griek spraakvryheid geniet het, en die slaaf of vreemdeling van hierdie vryheid verstoek was, blyk verder uit die Griekse letterkunde. „So dui Eur. Ion. 673 en verder daarop dat vreemdelinge en slawe in bepaalde state nie vryheid van spraak besit het nie: 'As ek mag wens, o mag my

(16) Durant, W.J., The life of Greece, 1935, p. 266.

(17) Hayes, C.F.H., and Baldwin, M.W., History of Europe, p. 25.

moeder n Atheense dame wees, sodat ek van moederskant af vryheid van spraak mag hê. Want as n vreemdeling in dié rein stad beland, al sou hy na die wette n burger wees, sou hy n slawemond besit en nie vryheid van spraak (parresia) hê nie.'

„Uit Euripides se Phoenissae 391 en verder blyk dat slawe en bannelinge nie vryheid van spraak geniet nie:

„Joc.: Wat is so hard op bannelinge?

„Pol.: Een ding, en dit is die grootste, om nie die vryheid van spraak te hê nie.

„Joc.: Wat jy nou sê, is n slaaf se lot: om nie te mag sê wat hy dink nie.“<sup>(18)</sup>

Op grond van onder meer hierdie twee aanhalings kom prof. J.H. Grobler tot die gevolgtrekking „i. dat slawe, vreemdelinge en bannelinge nie vryheid van spraak besit het nie (anders as in die private gesprek) en dat parresia (vryheid van spraak) nie een van die gepositiveerde regte of wette was nie, maar algemeen as vanselfsprekend in die Griekse wêreld aanvaar is as die reg van elke vrye mens. Hierdie reg van spraak het veral daarin bestaan dat die vrye man in die volksvergadering mag praat, en dit in die mate wat die procedure in elke staat bepaal het.....In die volksvergadering mag net n vrye man praat. In die hof mag elkeen met regs persoonlikheid praat. Dus moet die vryheid van spraak nie beskou word as n reg of voorreg om oral en altyd enigiets te mag sê nie, maar op vryheid van spraak was ook beletsels wat beperkinge geplaas het ten opsigte van persone, plek en inhoud van spreke na gelang van die omstandighede van die verskillende state. So kon lede van die volksvergadering onder die Spartaanse konstitusie nie op die volksvergadering praat nie, maar slegs sake goedkeur deur akklamasie of andersom afkeur deur gepaste afkeurende geluide en gebare. Tog kon die Spartane op ander plekke, bv. in hulle sutitia, vry praat.....Die regeringsvorm het die plek en mate van vryheid van spraak bepaal, deur geskrewe wette of deur die ongeskrewe gebruike te beskerm.“<sup>(19)</sup>

Spraakvryheid is reeds in die tyd van Solon (640-560 v.C.) by wyse van wetgewing ingekort. Solon het onder meer verbied dat gestorwenes belaster word. „Hy het ook verbied dat die lewende belaster word in tempels, howe, openbare

(18) Grobler, J.H., Vryheid van spraak in Athene gedurende die vyfde en vierde eeu, in Bulletin van die S.A. Vereniging vir die bevordering van die Christelike wetenskap, Maart 1967, p. 21.

(19) Ibid, p. 22.

sy Greek Philosophy skryf John Burnet: „The real offence of Sokrates was his criticism of the democracy and its leaders....A plea of guilty to what the hints of Kallikles and Anytos suggest was the real ground of the accusation, namely that Sokrates had fostered in young men that antidemocratic spirit which had led to the oligarchical revolutions.”<sup>(27)</sup>

Kortom: by n keuse tussen die voortbestaan van die demokrasie as sodanig aan die een kant en sekere regte (in hierdie geval spraakvryheid) wat deur n demokratiese samelewing verleen word, aan die ander kant, het die Griekse staat nie gehuiwer om regte in belang van die staatsveiligheid, in belang van die voortbestaan van die demokrasie as sodanig, op te hef en vergrype teen die staatsveiligheid deur misbruik van die spraakvryheid met die dood te straf nie.

As parrësia in die openbare lewe te ver gevoer en oordryf word, „word dit domastrantheid, skaamteloosheid en afstootlike vrypostigheid. Hiervan is die beste voorbeelde die optrede van die nuusdraer (kolaks) in teëstelling met die vriend (filos).”<sup>(28)</sup>

Parrësia is selfs met betrekking tot die religie geduld. „Die natuurkundiges - van Thales tot Democritus - kon selfs ateïstiese uitsprake maak, solank die veiligheid en orde van staat en gemeenskap nie geraak word nie. Die komediedigters kon selfs met die gode spot, solank die volksgeloof nie ondermyn is nie.”<sup>(29)</sup>

Die mate van spraakvryheid wat slawe, vreemdelinge en vrye burgers geniet het, was gegrond op die status, vryheid en reg wat op elke groep van toepassing was (in Sparta is van helote, perioici en Spartane gepraat). Slawe is nie in politieke vergaderings of in die volksvergadering toegelaat nie, behalwe om sekere werk te doen, bv. die Scythiese uitsmyters by die Atheense ekklesia.<sup>(30)</sup> Slawe kon in die hof nie as n party optree nie en kon slegs onder marteling getuig. Tog het hulle n groot mate van private vryheid van spraak geniet, d.w.s. hulle kon in eie kring, op straat en in die werk vrylik praat, of soveel as wat die baas wou toelaat.<sup>(31)</sup>

Vreemdelinge (metoici) kon nie in die volksvergadering praat nie, maar wel in private kringe, geselskappe, by simposia, op die mark en by ander gepaste plekke toesprake hou of lesings lewer oor enige onderwerp waaroor hulle wou

(27) Burnet, J., Greek Philosophy, p. 187.

(28) Grobler, p. 24.

(29) Ibid.

(30) Ibid, p. 25.

(31) Ibid.

spreek, „maar hulle moes hulle gedra, soos die sofiste en filosowe wat Athene besoek het.”<sup>(32)</sup>

Wanneer sulke vreemdelinge egter die staat aantas of die volksgeloof ondermyn, word hulle verban, soos gebeur het met Anaxagoras van Clazomenae, in Klein-Asië. Hierdie vriend van Perikles (490–429 v.C.) het in Athene vertoef en sy wysheid daar verkondig. "Die Atheners het sy wysheid verdra, maar toe hy ook sê die son is 'n gloeiende massa, groter as die Pelopponesus, en nie 'n god nie, het hulle hom verban."<sup>(33)</sup> Vreemdelinge kon met ander woorde nie die lot van die staat mede-bepaal of die volksgeloof help vorm nie.<sup>(34)</sup>

Die beletsels op die spraakvryheid van die vrye burgers was tweeledig. In die eerste plek het dit laster, die sg. *aporreta*, gegeld, soos reeds in die tyd van Solon bepaal. In die Atheense letterkunde is egter min verwysings na verslae en toesprake van redenaars oor lastergedinge, wat 'n bewys is dat hierdie beletsel nie met baie erns bejeën is nie.<sup>(35)</sup>

Belangriker was die beletsels op spraakvryheid in die volksvergadering. Waar dit vir die Atheners oor laster of spot tussen persone gegaan het, was hulle verdraagsaam, maar nie waar dit om die godsdienst of volk (*demos*) gegaan het nie.<sup>(36)</sup>

Die belangrikste beletsels op *parresia*, verklaar Grobler, „was eintlik daarop gemik om staat en godsdienstgemeenskap wat nog saamgeval het, te beskerm. Om hierdie redes is Sokrates tot die dood veroordeel, Anaxagoras (500–430 v.C.) verban en talle Atheense generaals en politici veroordeel of verban. Die *ostrasisme* of verbanningsreël waarvolgens enige persoon aangekla kon word of as staatsgevaarlik verban kon word, is juis ingestel om 'n kontrole oor politici te hê. Tog moet nie te veel waarde aan die *ostrasisme* as staatsensuur geheg word nie, want dit was aanvanklik gemik teen die *Alcmaeonidae*-familie, terwyl dit daarna deur politici misbruik is om van teëstanders ontslae te raak. Die *ostrasisme* het dan ook teen die einde van die 5de eeu v.C. in onbruik verval.”<sup>(37)</sup>

(32) Ibid. ; vergelyk ook Radin, M. - Freedom of speech in Ancient Greece, in American Journal of Philology, Band XLV111, 3, p. 215–216.

(33) Grobler, p. 25.

(34) Ibid, p. 25, 26.

(35) Ibid, p. 26.

(36) Ibid, vergelyk ook Psend. Xen. (Athen. Pol. II. 18).

(37) Ibid; p. 27.



Maar ook die vrye burger se spraakvryheid kon aan bande gelê word. Ook die vrye burger is verbied „om iets in die openbaar te leer en te sê wat die staat of volksgeloof ondermyn.”<sup>(38)</sup> Voorts is spraakvryheid die volgende mense ontsê: Almal wat strafregtelik veroordeel was, mog nie op die ekklesia praat nie. Elkeen wat sy erfgoed deurgebring het of hom skuldig gemaak het aan dae van atimia, maar nog nie regtelik veroordeel is nie, verloor sy reg om te praat in die volksvergadering. Kragtens sekere vernuwinge in die vierde eeu van wette van Solon mag net hulle op die volksvergadering praat wat die volk se vertrouwe het, grond besit en kinders het wat binne die eg gebore is. Onder die dae van atimia waarna hier verwys word, is slegte behandeling van ouers, die weggooi van 'n skild in 'n geveg, die nalaat van diensplig en ontug.<sup>(39)</sup>

Misbruike van parresia was eweneens strafbaar. Grobler som hierdie misbruike soos volg op: „As iemand op die ekklesia praat, omgekoop deur vyande tot nadeel van die staat, is hy met die dood strafbaar. As iemand met valse beloftes en beskuldigings willens en wetens tot nadelige besluite voer, is hy strafbaar. Beambtes wat opsetlik valse inligting verskaf, is strafbaar. As die volk opsetlik bedrieg of mislei word, kan die doodstraf volg. Selfs nuusdraery of sycophantie wat tot nadelige besluite lei, was onderhewig aan 'n openbare aanklag.”<sup>(40)</sup>

Spraakvryheid, voer Grobler aan, is beskerm juis deur sekere premies daarop te plaas. „Parresia was 'n voorreg wat nie deur wanpraktyke geskend moes word nie. Daarom was selfs die gewone ontoerekenbaarheid (privilegie) gekwalifiseer deur die voor- of nadeel van die staat. Selfs op die ekklesia het nie algehele ontoerekenbaarheid bestaan nie, d.w.s. as die spreker willens en wetens die staatsbelang aantas.”<sup>(41)</sup>

Die teenstelling sensuur/vryheid het in Griekeland geen natuurlike verloop na 'n bepaalde eindpunt geneem nie, en wel omdat die hele Griekeland en Macedonië in 146 v.C. deel van die Romeinse ryk geword het, waarna die Romeinse reg die ou Atheense reg verdring het. Geen afleiding is dus moontlik in verband met die uiteindelijke rigting wat die Griekse volk met verloop van eeue sou ingeslaan het nie, want eers ná die val van die Wes-Romeinse Ryk in 476 n.C. het 'n onafhanklike Griekse staat begin herrys.

(38) Ibid, p. 28.

(39) Ibid.

(40) Ibid.

(41) Ibid.

#### IV. Staatsensuur in Rome

Anders as die Grieke wat hulle wysgerig oor vrye spraak besin het, soos o.m. blyk uit die bestaan van die woord *parresia* in die Griekse taal, word in die Romeinse woordeskat geen ewepool vir hierdie woord gevind nie.

Hayes en Baldwin skryf in hierdie verband: „In the realm of the mind, the Roman contribution is less impressive than the Greek. Indeed, the educated Romans themselves paid tribute to Greek culture by learning Greek, and their writers, by imitating Greek forms.”<sup>(42)</sup>

P.J. Coetzee verklaar dat die Romein die Griekse begrip *parresia* met die woorde „*libertas loquendi*” of „*licentia loquendi*” omskryf waar hy dit teenkom. „Ek kon op geen voorbeelde afkom waar die woord *parresia* in Latyn as gevolg van gereelde gebruik opgeneem is nie. Ons kan dus aanvaar dat die Romein hom nie teoreties soos die Griek van die gedagte van vryheid van spraak rekenskap gegee het nie.”<sup>(43)</sup>

Hieruit volg egter nie dat die Romein geen spraakvryheid gehad het nie. In die volksvergadering is, soos in die geval van Sparta, weliswaar nie gedebatteer nie, maar daar is gestem.<sup>(44)</sup>

Die werkwyse wat gevolg is om tot 'n stemming in die volksvergadering te kom, dui ook op 'n aansienlike mate van spraakvryheid. Vereenvoudig opgesom was die prosedure in hierdie vergadering soos volg: Drie weke voordat die vergadering sou plaasvind, in elk geval in die republikeinse tydperk, is aan die lede kennis gegee en is openbaar gemaak waaroor gestem sou word. Die lede het dan die sogenaamde „*contiones*”, in werklikheid kerkvergaderings, gehou, nie van partye nie, maar van individue, en daar is die gedragslyn van die lede by die aanstaande stemming bepaal. Spraakvryheid het dus daarin bestaan dat die lede die reg gehad het om die meriete van 'n saak met mekaar te bespreek en langs die weg tot 'n besluit oor die stemming te kom.<sup>(45)</sup>

Die bestaan van die *censores* (censores) dui eweneens daarop dat vryheid van spraak moes bestaan het. Hierdie amp is omstreeks 443 v.C. ingestel. Die *censores* was amptenare (magistratus) wat aangestel is om die konsuls by te staan.<sup>(46)</sup> Twee *censores* is elke vyf jaar gekies en hul dienstryd was vyftien

(42) Hayes and Baldwin, p. 48.

(43) Coetzee, P.J., *Vryheid van spraak in die Romeinse wêreld* (manuskrip 1967), p. 1.

(44) Ibid.

(45) Ibid, p. 3.

(46) Sandys, J.E., *A Companion to Latin Studies*, p. 277 ; Coetzee, p. 3.

jaar, sodat daar normaal ses censores in diens was. Aanvanklik was hierdie manne patrisiërs, maar in 351 v.C. is ook plebejers benoem en in 339 v.C. word die plebejers se reg op <sup>ten</sup>minste ~~ff~~ een sensor uitdruklik vasgestel. (47)

Die censores het 'n verskeidenheid <sup>ma</sup>pligte ten uitvoer gebring. As staatsamptenare was dit hul plig om die volkstelling van die inwoners van Rome of van die Romeinse Ryk by te hou. Volgens hierdie sensus is bepaal (a) of 'n persoon 'n Romeinse burger of 'n vreemdeling is; (b) die belastingplig van die burger; (c) 'n burger se militêre verpligtinge en (d) sy stemreg in die volksvergadering. (48) Hieruit het o.m. die stande-indeling voortgevloei en is die weg geopen vir die vrystelling van slawe en die klassifisering van sommige mense as vreemdelinge (incensus). Hul uitvoerende take het verder omvat: toesig oor die waterleiding en die oprigting van openbare geboue en die bou van paaie. Appius Claudius het in sy dienstyd bv. die Via Appia gebou en Cato die Basilica Porcia. (49)

Toesig oor die openbare sedes het eweneens op die weg van die censores gelê. „Dit het sekerlik op die weg van die censores gelê om hulle te bemoei met die spraakuitinge van die Romeinse burgers in die Republikeinse tydperk,” verklaar Coetzee. (50)

Saam met hul ander ampspligte het die censores "tug oor die sedes van die burgers (regimen morum of cura morum) uitgeoefen. Dit het ingehou dat daar tug uitgeoefen kon word by misbruik van 'n openbare amp en by wanverhoudinge in die familieverband, teenoor slawe, ens. Hier sou ook tug uitgeoefen kon word wanneer iemand in sy spraakuitinge teen die sedes (mores) van die Populus Romanus handel - hoewel dit nie uitdruklik vermeld word nie. Die straf wat die censores kon uitoefen, kon bestaan uit bloot 'n waarskuwing (admonito), 'n hoër belastingaanslag, 'n aantekening op die burgerlys (nota censoria), 'n degradasie na 'n laer tribus (tribu movere).....Deur die Lex Ovinia (312 v.C.) het die censores ook die opdrag gekry om periodiek die lys van senatore te hersien en die name van onwaardiges te skrap. By so 'n skrapping kon, in aansluiting by die eise wat die Romeinse mores gestel het, ook die gebruik wat 'n persoon van sy spraakuitinge maak, in die gedrang kom." (51)

Ook in die regspraak is sensuur op die vryheid van spraak binne die hof

(47) Kaser, M., Roman Private Law, p. 21.

(48) Winkler Prins, Band 5, p. 651.

(49) Ibid.; vergelyk ook Kaser se Roman Private Law, p. 21 e.v.

(50) Coetzee, p. 1.

(51) Coetzee, p. 1, 2.

toegepas, <sup>(52)</sup> wat beskou kan word as 'n inkorting van wat in moderne tye as hof-privilegie bekend staan. "Die Romein het geen staatsaanklaer in ons sin van die woord geken nie. Dit het elke burger vrygestaan om enigiemand anders krimineel voor die hof aan te kla en om sy saak teen so 'n persoon in die hof te bewys. So 'n stelsel kan natuurlik maklik daartoe lei dat die hof gebruik word om mense te belaster. Uit Cicero se betoog Pro Roscio Amerino skyn dit of die volgende praktyk teen misbruik van die hof in hierdie verband gemik was: 'n Calumniator (regsverdraaier en lasteraar) kon met 'n letter K (die eerste letter van die ouer spelling van die woord Calumniator) op sy voorhoof gebrandmerk word as hy sy saak nie kon bewys nie. Voorts was dit in 'n geval waar 'n persoon valse getuienis teen 'n ander lewer, moontlik dat die valse beskuldiger die beskuldigde en die oorspronklike beskuldigde of sy advokaat die beskuldiger (aanklaer) word, 'n dubbele maatreël dus teen die ongebreidelde misbruik van vryheid van spraak."<sup>(53)</sup>

In die Romeinse keiserryk, beweer Coetzee, was dit 'n algemene gebruik by (swak) keisers om die vryheid van spraak so te beperk dat hulle nie, of dan minstens nie te skerp nie, gekritiseer word. „Dié gebruik is egter nie in regsterme gepositiveer nie, maar is administratief en informeel afgedwing deur dat sulke keisers delatores (verklikkers) aangestel het om hulle in te lig wanneer iemand hulle 'belaster'. Die delator kon dan daarop reken dat, wanneer 'n 'skuldige' gelikwideer word, hy 'n deel van die 'skuldige' se besitting as beloning sal kry, terwyl die res na die keiser gaan."<sup>(54)</sup>

Hoe ver die sensuur op geskifte in die tydperk van die Keiserryk gegaan het, blyk uit onderstaande aanhaling uit Putnam:<sup>(55)</sup>

"Tacitus remarks that Augustus was the first ruler who undertook to punish a word written or spoken (that is to say, a word unaccompanied by action). While the law of the Roman Republic had recognised as deserving of punishment only criminal deeds, the Emperor brought the authority of the law to bear upon writings described as libellous or scandalous (libelli famosi). He ordered for instance that the writings of Labienus should be publicly burned. His successor,

(52) Die regspraak in die Romeinse Ryk word uitvoerig bespreek in o.m. Mommsen, Theodor, Römisches Staatsrecht, p. 76-255, en saakliker in A Companion to Latin Studies van Sandys, J.E., p. 277-285.

(53) Coetzee, p. 2.

(54) Ibid, p. 2, 3.

(55) Putnam, G.H., The Censorship of the Church of Rome, Band I, p. 58.

Tiberius, issued a still stronger regulation for the supervision of undisciplined or insubordinate writings. Cremutius Cordus was driven from his occupation and left to die through poverty for the offence of speaking of Gaius Cassius as 'the last Roman'. His writings were ordered to be burned by Aediles. Tacitus speaks with scorn of those who, in the possession of a little monetary power, undertake to prevent opinions from being handed down to posterity. The writings of Venjinto were prohibited by Nero. Concerning this prohibition, Tacitus writes: 'So long as the possession of these writings were attended with danger, they were eagerly sought and read; when there was no longer any difficulty in securing them, they fell into oblivion.' An edict ascribed to Domitian ordered that the historian Hermogenes and any bookdealers who concerned themselves with the distribution of certain writings of his which had libelled the Emperor should be crucified. The German historian Achmitz is, however, of opinion that this so-called edict of Domitian was apochryphal. It appears certainly to have been the case that the policy of these earlier emperors was decidedly opposed to any freedom of expression or thought. If it is the case that in later centuries of imperial rule there are fewer instances of punishments of writers or orders for the suppression of literature, the explanation may be that literary activity had already been substantially suppressed. Justinian deposed from office Severus and certain other bishops because they had been lax in their supervision of literature and permitted the wide circulation throughout the realm of prohibited books and pernicious writings. With the development of the Church of Rome to the ecclesiastical headship of the world, the claim for the supervision of literature and for the control of the productions of authors was asserted by the Church as the legitimate successor of the imperial authority."

Coetzee verklaar in hierdie verband dat die demokratiese inslag van die Romeinse Republiek in die laaste twee eeue van sy bestaan tot sy verval in 44 v.C. stelselmatig gekwyn het. Onder die Flaviese keisers, veral onder Domitianus, „is die censorsaat deur die keiser geabsorbeer, wat onder meer gesorg het dat sy eis mense na die Senaat gaan en dat hy gewees het wat hulle daar sou sê.”(56)

Maar ten spyte van die inkorting van die spraakvryheid van die Romeinse burgers in die laat Republikeinse en vroeë keisertydperk was dit juis dié tyd waarin die nuusblad in Rome en elders in die Romeinse Ryk sy verskyning gemaak

(56) Coetzee, p. 3.

het. Dit was Cicero, <sup>(57)</sup> wat die aandag op die bestaan van nuusblaaie gevestig het toe hy uitgewei het oor die „geswets“ van ene Chrestus, terwyl dit Julius Caesar was wat met die aanbring van die Acta Diurna <sup>(58)</sup> die eerste positiewe stap gedoen het om staatsnuus op so ’n wyse bekend te maak dat die korrekte vermenigvuldiging daarvan moontlik was – al was dit in werklikheid bedoel as propaganda vir homself.

### Samevatting

By ’n beoordeling van die sensuurvorme en -metodes van die antieke tye is dit moeilik om tendense vas te stel en ook om te onderskei tussen sensuur in belang van die goeie sede of religie en sensuur ter beveiliging van die staat.

In die tydperk wat met betrekking tot Griekeland bespreek is, het die staatsvorm naamlik gewissel van demokrasie tot oligargie, tot die absolutisme van Alexander die Grote, tot Romeinse heerskappy. ’n Duidelike staatkundige gang kan dus nie vasgelê word nie. Wat meer is, die staat het as beskermmer van nie slegs één godsdiens opgetree nie, maar van verskeie. Dit geld in hoë mate ook die Rome van die antieke tye, waar die regeringsvorm gewissel het van ’n republiek met demokratiese trekke tot die absolutisme van die keisers. In Rome, waar keiseraanbidding oor ’n lang tydperk ’n erkende godsdiens was, is dit boonop des te moeiliker om te onderskei tussen sensuur in belang van die goeie sede en die religie en sensuur in belang van die staatsveiligheid. In die Israel van ouds, die eertydse volledige teokrasie, is dit ewe moeilik om ’n skeidslyn tussen die belange van staat en kerk te trek.

Dit skyn <sup>die</sup> verstandigste <sup>te wees</sup> om te volstaan met die gevolgtrekking dat deur die staat toegepaste sensuur, dan meer gematig en dan skerper, onafskeidbaar deel uitgemaak het van al drie die ou beskawings wat die Suid-Afrikaanse samelewing ten grondslag lê.

(57) Baschwitz, K., De krant door alle tyden, p. 7, 8.

(58) Ibid, p. 9.